ADVERTENSIE

# "Ek is 'n student en ek stem Nasionale Party."



"My naam is Beatrice Johnson en ek het nooit belang gestel in enige party nie, maar noudat ons met die nuwe Suid-Afrika begin, dink ek die Nasionale Party is die enigste party wat ek kan steun. Hulle is die enigstes wat ervare is met die bestuur van hierdie land. Ek weet daar's nog duisende jong mense wat vir dieselfde redes die Nasionale Party steun.

Ek wil graag onderwyseres word, want ek is lief vir kinders. Maar wanneer ek skool hou, sal ek nie graag op straat wil toyi-toyi nie. In die nuwe Suid-Afrika moet daar nie sulke probleme wees nie.

Ek weet die ou NP het ons vir 'n baie lang tyd onderdruk, maar hulle het verskoning gevra. Wanneer 'n mens verskoning vra moet ons vergewe, want ons sondig elke dag en God vergewe ons.

Die NP is 'n vreedsame party. Dink net, as jy vir die ANC stem, gaan die IVP met hulle veg en daar sal 'n oorlog tussen hulle wees. So die beste ding is om die Nasionale Party te steun en dan sal niemand veg nie.

Ek woon nou in Greenside, maar ek het vroeër in Soweto gewoon. Ek moes trek want die ANC het ons geïntimideer.

Ek het gesien hoe mense met die halssnoer verbrand word. Dis nie eers iets wat hulle in die nag doen nie, sommer so helder oordag terwyl almal kyk. Mens sien sulke goed en leef daarmee saam. Die Nasionale Party wen steun, want die mense word al hoe banger vir die ANC.

Dan is daar die wegblyery. Al wil jy gaan werk, kan jy nie, anders brand hulle jou huis af. En die wegblyery kos my geld want as ek nie werk nie, word ek nie betaal nie.

Ek hou regtig nie van die ANC nie want ek het vriende wat bannelinge was en hulle kom terug en vertel ons die treurige stories van wat alles gebeur het. Ek het hierdie vriend Patlewane gehad en toe hy terugkom van bannelingskap, sien hy sy huis is afgebrand. Sy ma is met 'n halssnoer verbrand. Hy is gemartel in die buiteland. Dink net, jy kom huis toe, maar daar's nie meer 'n huis nie.

Dan het ek nog drie ooms wat omtrent so oud is soos ek en hulle was ook bannelinge. Hulle is nou ook ondersteuners van die Nasionale Party. Hulle vertel ons ook stories van mense wat hulle eie grafte moes grawe en so aan. Dis hartverskeurend.

Ek weet die Nasionale Party sal nie teruggaan na apartheid nie, want die nuwe grondwet is al geskryf en hulle het self verander.

Ek hou baie van President de Klerk. Ek dink hy is 'n baie dapper man en dis nie net ek wat baie van hom hou nie. Mandela is seker ook 'n dapper man, maar die ANC het nie vergifnis gevra soos die President nie. Dis hoekom ek die NP vertrou."

**WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE**

**Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party**

NP Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 2263 3/A